**No. 2781** **23 Desember 1983**

## WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE SOGENAAMDE ACVV-DIENSSENTRUM DAAROP, GELEË TE DURBANSTRAAT 86, WORCESTER

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die sogenaamde ACVV-dienssentrum daarop, geleë te Durbanstraat 86, Worcester, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die sogenaamde ACVV-dienssentrum daarop, geleë op sekere gedeelte grond in die munisipaliteit en afdeling Worcester, synde Erf 1565, Worcester, en groot 2 076 (tweeduisend en ses-en-sewentig) vierkante meter.

Transportakte 4205/1975, gedateer 27 Februarie 1975.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie Kaaps-Hollandse huis, met sy twee frontonvormige holbolgewels, dateer uit 1824. Die gebou, wat omstreeks 1906 gevictorianiseer is, is in 1974 deur die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging aangekoop en onder leiding van die argitek Dirk Visser tot sy oorspronklike vorm gerestoureer. Die gerestoureerde gebou is op 27 Februarie 1982 ingewy. 10/2/1064.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

**No. 2781** **23 December 1983**

## WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE SO-CALLED ACVV-DIENSSENTRUM THEREON, SITUATED AT 86 DURBAN STREET, WORCESTER

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property with the so-called ACVV-dienssentrum thereon, situated at 86 Durban Street, Worcester, to be a national monument.

*Description*

The property with the so-called ACVV-dienssentrum thereon, situate on certain portion of land in the Municipality and Division of Worcester, being Erf 1565, Worcester, and in extent 2 076 (two thousand and seventy-six) square metres.

Deed of Transfer 4205/1975, dated 27 February 1975.

*Historical and architectural interest*

This Cape Dutch house, with its two pedimented concavo-convex gables, dates from 1824. The building, which was Victorianised in about 1906, was bought by the Afrikaanse Christelike Vrouevereniging in 1974 and restored to its original state under the direction of the architect Dirk Visser. The restored building was inaugurated on 27 February 1982. 10/2/1064.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.